



Angelique Pelletier

Karel die koerantkat



Benedict Carboneill

Karel die kat is nie 'n gewone kat nie. Hy hou niks daarvan om saam met die ander katte voor die vuur te lê en niksdoen nie. Hy hou van aksie. Hy wil besig bly. Hy jaag muise. Hy speel met die wolbal. Hy is vol energie.



Een oggend is die hoenderhok in rep en roer. Karel gaan dadelik kyk wat aangaan. Haan kom na hom toe. "Die kuikens kan vlieg!" kraai hy bly. "Dis goeie nuus!" miaau Karel. "Gaan sê vir die ander diere" vra Haan.




Karel hardloop dam toe om vir Mevrouw Eend die goeie nuus te vertel. Sy is bly om vir Karel te sien. "Kyk net hier! My kuikens is besig om uit te broeil" Sy het vir Karel 'n nuwe opdrag: "Sal jy die goeie nuus vir almal gaan vertel?"



Karel hardloop na die varkhok toe. Daar hoor hy dat Snork siek is. Die arme vark! Dalk is dit aansteeklik. Die ander diere moet gewaarsku word! En wie sal dit doen? Karel, natuurlik! Hy moet deur die hele plaas hardloop so vining as moontlik!




Karel begin by die stal. Voordat hy sy mond kan oopmaak, begin Poon die perd al oor die skoonheidskompetisie praat. "Al die diere moet weet die kompetisie is oor vier dae." Karel moet al die plaasnuus gaan oordra! Karel wonder: "Wat kan ek doen sodat al die diere altyd al die nuus kry?" Skielik gaan hy botstil staan. "Ek het 'n plan!" dink hy en hardloop skuur toe. Die hele middag werskaf hy daar: Hy kap en spyker en skroef.



Teen die einde van die dag het hy 'n pragtige bord gemaak. Trots sit hy die bord in die middel van die werf op. Hy skryf so netjies as wat hy kan sy eerste boodskap daarop:

- Haan se kuikens kan vlieg!
- Mevrouw Eend het ses pragtige kuikens!
- Snork die vark is siek!
- Groot skoonheidskompetisie:
Volgende Saterdag!



Hy hardloop weer na al die diere toe om hulle van sy bord te vertel. Almal dink dis 'n baie slim plan. Daar is net 'n klein probleempie: Haan kan nie uit die hoenderhok nie, Snork moet in die varkhok bly en Mevrouw Eend op die dam. Hoe moet hulle lees wat op die bord staan?

Karel moet 'n oplossing vind." As niemand kan lees wat ek skryf nie, wat help dit tog?" Vies begin hy voor sy bord heen en weer loop. Vanuit die hondehok kyk Buks die hond hoe Karel heen en weer loop. Nuuskierig wil hy weet wat aangaan. Karel vertel vir Buks wat die probleem is. Buks verstaan dadelik. En hy het 'n oplossing: "As die diere nie na die nuus kan kom nie, moet die nuus na die diere toe gaan!" Karel moet 'n koerant begin- die eerste plaaskoerant!




So is die plaaskoerant gebore. Elke oggend skryf Karel allerhande brokkies en versamel die nuus van die plaas. In die middag skryf hy die koerant. Teen die aand word dit gedruk. Die volgende dag kry al die diere hulle koerante. Hulle is dol oor die nuutste nuus van Karel die koerantkat!






Boekresensie



Teken 'n prentjie van die storie



Vertel meer oor die boek



Name van karakters



Outeur

Illustreerder

